higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

EDUCARE DIDAKTIEK: TEORIE EN PRAKTIES N6

(7080126)

10 September 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

027Q1B2010

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
EDUCARE DIDAKTIEK: TEORIE EN PRAKTIES N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n pen met swart of blou ink.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 … is 'n hulpmiddel wat ingespan kan word om waar te neem en op te teken of die kinders spesifieke vaardighede kan bemeester.

A 'n Waarnemingskontrolelys
B Die daaglikse program
C Die lesplan
D 'n Skedule

1.2 Objektiewe waarnemings van die kind vind plaas wanneer die Educare-fasiliteerder beskryf …

A hoe hy of sy oor die kind voel.
B presies wat die kind doen.
C wat sy of haar persoonlike ervaring is asook partydige inligting.
D hoe die ander kinders oor die kind voel.

1.3 Baie Educare-fasiliteerders plaas die blokkie-area langs die … aangesien albei areas samewerkings- en verbeeldingspel aanmoedig.

A kreatiewe hoekie
B leeshoekie
C dramatiese speelarea
D wetenskaptafel

1.4 Die … word gewoonlik aan die belangstellingstafel gekoppel.

A wetenskaptafel
B ontdekkingstafel
C natuurtafel
D die Educare-fasiliteerder se tafel

1.5 Wanneer die kinders die moontlikhede bespreek van wat in 'n eksperiment gaan gebeur:

A Voorspelling
B Vergelykings
C Oorsaak en gevolg
D Skakels

1.6 Die nasionale dier van Suid-Afrika is die …

A springbok.
B wildebees.
C luiperd.
D leeu.

Kopiereg voorbehou

1.7 Voorskoolse kinders verwerf die grondbeginsels van grootbewegings-vaardighede en verbeter dit …

A deur herhaling gedurende bewegingslesse.
B gedurende wiskunde- en wetenskaplesse.
C tydens storielesse.
D ter wille van skoolgereedheid.

1.8 Oranje is 'n sekondêre kleur wat verkry word deur … te meng.

A rooi en blou
B rooi en wit
C rooi en geel
D rooi en swart

1.9 … is die nuwe, maklike manier om met die kinders se gesinne te kommunikeer en hulle op hoogte te hou van die preprimêre skool se bedrywighede.

A Toepassings ('Toeps')
B Boodskapboeke
C Bulletinborde
D Kennisgewingsborde

1.10 Die … van 'n musiekles wek belangstelling en motivering by die kinders op en moedig hulle aan om by die les betrokke te raak.

A inleiding
B inhoud
C gevolgtrekking
D tema

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies 'n item of 'n woord uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–Q) langs die vraagnommer (2.1–2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Waarneming	A	weerkaart
2.2	Wanneer kinders hul eie konstruksies integreer	B	vermoë om ewewig te behou
2.3	Om stokkies, blare en klippies asook ander figuurtjies by te voeg	C	bloukraanvoël
2.4	Driedimensionele voorwerpe soos keëls, silinders, kubusse en prismas (meetkunde)	D	hou kinders dop en luister na hulle; gebruik die ingesamelde inligting om hul leer en ontwikkeling te bevorder
2.5	Kinders hou rekord van mekaar se temperatuur, en vogvlakke	E	wys elke instrument, verduidelik wat dit doen en hoe dit bespeel word en maak die klank daarvan na
2.6	Die uitvoer van wetenskap-eksperimente	F	oranje, geel en rooi
2.7	Nasionale voël van Suid-Afrika	G	handdominansie
2.8	Ruimtelike oriëntasie	H	basiese vaardighede in die fisiese domein
2.9	Balansering in 'n bewegingsles	I	modderspel; moddergebou te maak
2.10	Beweging (loop, hardloop, spring), niebeweging (omdraai, verwring) en manipulering (gooi, vang, dribbel)	J	bewustheid van die liggaams-posisie in ruimte en in verhouding tot ander voorwerpe of mense
2.11	Bekendstelling van musiekinstrumente	K	rammelaars, tromme en simbale
2.12	Voorbeelde van niemelodiese musiekinstrumente	L	vier of vyf kinders besig met blokkie-spel
2.13	Voorbeelde van melodiese musiekinstrumente	M	veilige en korrekte gebruik van toe-rusting soos vergrootglase, mikro-skope, magnete, skale, siwwe en swaar voorwerpe
2.14	Voorbeelde van warm kleure	N	xilofoon; handklokkies
2.15	Die kind se konstante gebruik van een hand pleks van die ander hand vir 'n vaardigheidstaak	O	skynspel
		P	ekster
		Q	groen, blou en pers

(15 × 2) **[30]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.1 Aangesien saagsels oneetbaar is, moet hierdie sensoriese materiaal nie vir vyfjarige kinders gebruik word wat oor die algemeen daarvan hou om met hul mond te ontdek nie.

3.2 Bykomstighede tydens blokkiespel is noodsaaklik om groter verbeeldingspel vir voorskoolse kinders moontlik te maak.

3.3 Die Educare-fasiliteerder moet wag totdat die kinders kan lees voordat bordspeletjies, legkaarte en boeke aan hulle gegee word.

3.4 Die Educare-fasiliteerder moet uitwys watter legkaartstukkies waar inpas as 'n voorskoolse kind die legkaart nie kan voltooi nie.

3.5 Gereelde liggaamsaktiwiteite is noodsaaklik vir kinders se gesonde ontwikkeling asook vir hul liggaams- en geesteswelstand.

3.6 Liggaamsperkussie-aktiwiteite is om hande te klap, voete te stamp en op tromme te speel.

3.7 Rympies help kinders om woordeskat en kommunikasievaardighede aan te leer.

3.8 Die linkerhemisfeer van die brein is by die meeste mense dominant wat taal betref.

3.9 Die linkerkant van die brein voer take uit wat met logika, soos in wetenskap en wiskunde benodig word, te doen het.

3.10 Wanneer 'n kind die kryt van sy of haar regterhand na sy of haar linkerhand oorsit om aan die linkerkant van die bladsy te teken, het die kind 'n probleem met middellynkruising.

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

VRAAG 4

4.1 Verduidelik waarom kwartaallikse of sesmaandelikse verslae (rapporte) oor voorskoolse kinders aan hul ouers gestuur word. (4 × 2) (8)

4.2 Om waarnemings op te teken, dra by tot die gehalte van die kinders se ervarings en ondersteun hul ontwikkeling.

Wat moet die Educare-fasiliteerder vir effektiewe rekordhouding in gedagte hou? (5 × 2) (10)

4.3 Beskryf die voordele van waterspel vir voorskoolse kinders. (10)

Kopiereg voorbehou

4.4 Noem VYF vrae wat die Educare-fasiliteerder die kinders tydens blokkiespel kan vra om meer gesprekvoering aan te moedig en geleenthede om hul denke te stimuleer, te bevorder (5)

4.5 Noem en beskryf die opvoedkundige voordele van legkaarte vir voorskoolse kinders. (5 × 2) (10)

4.6 Noem SEWE begrippe wat die Educare-fasiliteerder by die tema oor bome en hout kan insluit. (7)
[50]

VRAAG 5

5.1 Bespreek 'n projek oor gesonde kos wat vir voorskoolse kinders geskik is. (4)

5.2 Wat moet die Educare-fasiliteerder tydens 'n uitstappie na die botaniese tuin in ag neem? (5 × 2) (10)

5.3 Bespreek die waarde van 'n verpleegster se besoek aan die preprimêre skool. (5 × 2) (10)

5.4 Bespreek VYF aktiwiteite met boontjiesakke wat vir vyfjarige kinders geskik is. (10)

5.5 Watter rol speel die Educare-fasiliteerder in 'n bewegingsles? (9)

5.6 Noem SEWE liggaamsperkussie-aktiwiteite. (7)
[50]

VRAAG 6

6.1 Die apparaat/toerusting om manipuleringsvaardighede te ontwikkel, moet sorgvuldig gekies word.

Bespreek VYF punte wat die Educare-fasiliteerder in gedagte moet hou wanneer hy of sy geskikte apparaat of toerusting vir bewegingslesse kies. (5 × 2) (10)

6.2 Noem TIEN musiekinstrumente wat die Educare-fasiliteerder tydens 'n musiekles vir vyfjarige kinders kan insluit. (10)

6.3 Beskryf hoe dit vyfjarige kinders bevoordeel om 'n musiekinstrument te bespeel. (10)

6.4 Watter aspekte moet die Educare-fasiliteerder in gedagte hou wanneer hy of sy vyf- tot sesjarige kinders se kreatiewe werk beskou? (5 × 2) (10)

6.5 Bespreek VYF opvolgkreatiwiteit-aktiwiteite wat die Educare-fasiliteerder ná 'n voorskoolse uitstappie na die voëlpark kan beplan. (5 × 2) (10)
[50]

TOTAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou